PROGRAMVERLOOP:

4 X 8 WEEK BLOKKE	VERLOF	AANBEVOLE VERLOFAKTIWITEITE
28 Feb - 22 Apr 2022	23 Apr - 2 Mei 2022	5 dae vrywillige werk by die huis
3 Mei - 24 Jun 2022	27 Jun - 29 Jul 2022	10 dae skadu werk
1 Aug - 23 Sep 2022	26 Sep - 7 Okt 2022	
10 Okt - 2 Des 2022		5 dae vrywillig gemeenskapswerk by Reitz
3 Desember 2022 - Afsluiting van Program		

PROGRAMKOSTE: R 140 300

(BTW INGESLUIT)

VOORDELE:

1. Ideaal om terug te tree en perspektief te kry
2. 'n Tyd om te herlaai en te beplan vir die toekoms
3. 'n Reis van selfontdekking en groei
4. 'n Avontuur ter voorbereiding van die grootmenslewe
5. Omvattende landboublootstelling

PERITUM

GAPJAAR IN LANDBOU

PERITUM AGRI INSTITUTE

AGRI GAP YEAR

REITZ LANDBOU AKADEMIE

Vir verdere inligting, besoek:

www.peritumagri.com

Die Peritum Agri-Gapjaar bied 'n oplossing aan jongmense met 'n belangstelling in landbou om holistiese voorbereiding tot die volwasse-en werkslewe te kombineer met 'n pretjaar terwyl gestruktureerde leerprogramme in landbouproduksiebestuur voltooi word en omvattende boerderyblootstelling opgedoen word.

'n Gestruktureerde, veilige en goed ontwerpte reisplan na holistiese ontwikkeling, beroepsgereedheid en 'n vaste fondament vir verdere studies in landbou.

Holistiese voorbereiding vir die toekoms wat staan op vyf pilare:

ONTHOU

Avonture wat as medium dien vir vaardigheidsoordrag en verhoudingsonwikkeling propvol herinneringe en lewenslesse om te onthou.

OPHEF

Aksies van diensbaar wees. Om 'n verantwoordbare persoon en burger te wees en om op te bou en 'n nalatenskap te laat.

OPVOED

Agt praktykgerigte kortleerprogramme in agriproduksie en bestuur.

ONTWIKKEL

Diepgaande ontwikkeling van intra en interpersoonlike insig en vaardigheid gerig op selfbestuur, verhoudingsbou, werkplekverhoudinge, gemeenskapsimpak en leierskap.

OPBOU

Opbou van 'n holistiese insig en vaardighede gerig op loopbaanbou en werkplekeffektiwiteit.

BASIS:

Die program basis is Reitz, 'n warm plattelandse gemeenskap in die hartjie van die pragtige Noord-Oos Vrystaat. Reitz het 'n ryke landbougeskiedenis en is 'n kragtige landbou ekonomie op sig self met gesaaides, vee –en veselproduksie, sowel as pluimvee.

Die Lentehof Koshuis van Hoërskool Reitz sal as basis dien en studente sal in dubbelkamer geriewe gehuisves word en drie voedsame maaltye sal daagliks bedien word.

Standard Bank · John Deere · Sernick Group · Grain SA Graan SA · vkb · GAP Year in Agriculture